MENLO GHOLF-AKADEMIE

Ons is opgewonde om die stigting van Die Hoërskool Menlopark se nuwe Menlo Gholf-Akademie met die Menlo-gemeenskap te deel.

Die hoofdoel van die Menlo Gholf-Akademie (in kort die MGA) is tweeledig:

1. om deur middel van internasionaal toonaangewende afrigting en fasiliteite, aan top junior-gholfspelers, asook enige ander leerder wat gholf as 'n potensiële loopbaan sou oorweeg, die geleentheid te bied om hoë-vlak mededingende gholf te speel; maar ook
2. om 'n Parkie-gholfgemeenskap te skep waar enige leerder, onderwyser, ouer of lid van die Menlo-Alumni die geleentheid het om gholf op 'n sosiale basis te beoefen.

Dit is dus vir hierdie rede dat nie alleen gefokusde gholfatlete nie, maar alle belangstellendes in die Parkie-gemeenskap genooi word om deel te word van die Menlo Gholf-Akademie.

Die Menlo-Gholf Akademie is uniek vanweë die volgende kenmerke:

- 'n Plaaslike ('in-huis') gekontrakteerde PGA-gholfafrigter.
- Gespesialiseerde gholffasiliteite op die skoolterrein:
  - Gekombineerde binne- en buitenshuise gholfsentrum.
  - Buitespelarea: dryfspelnette, kortspelbaan en mini setperk.
- Spesialis afrigtingsprogramme.
- Baanspelafrigting by Pretoria Buiteklub.
- Gesubsidieerde Pretoria Buiteklub-lidmaatskap (opsioneel).
- Kompeterende deelname aan gholftoernooie.
- **'n Akademiese program met 'Gholf' as sportkunde keusevak wat ingefaseer word in graad 8 2016. Ingeskrewe graad 8-leerders kan per e-pos aan info@menlopark.co.za, so 'n vakkeuseverandering maak.**
- Laerskole afrigtingsprogramme.
- Menlo-Gholfklub: lidmaatskap aan alumni, ouers, onderwysers en leerders vir sosiale gholf.

Die Menlo gholf-akademie bied die volgende aktiwiteite aan:

- Skoleliga, Tuks-uitdaagtoernooi en geselekteerde prestige uitnodigingstoernooie.
- Gholf-Akademie gholfdag.
- Absolut Menlo "Ryder Cup" (jaarlikse prestige uitnodigingstoernooi).
- "Race to Menlo Cup" (interne MGA-toernooi wat oor 4 kwartale beslis word).
- Menlo-familiebeker: drieledige kompetisie tussen leerders, ouers en onderwysers wat oor 4 kwartale beslis word.
- Jaarlikse gholftoer.

Afrigtingsfilosofie:

Menlo Gholf-Akademie se afrigtingsfilosofie word gebaseer op die ontwikkeling van elke speler se unieke styl en sterk punte. Juniorgholfspelers word geleer om hulself, sowel as hul spel op die gholfbaan te bestuur.

Die afrigting volg dus 'n sespuntplan:

1. Die optimale benutting van tegnologie en moderne afrigtingstegnieke ten einde die tegniese aspekte van 'n speler aan te spreek en te ontwikkel, bv. *Flightscope, K-Vest en Aimpoint.*
2. Individuele vaardigheidsevaluasie en doelgemaakte oefenprogramme.
3. Begeleide oefening vir die ontwikkeling en inoefening van kort- en langspelvaardighede.
4. Gholfbaanbestuur.
5. Gholfsielkunde/Emosionele intelligensie (mental toughness).
6. Algemene- en gholfkondisionering.

Afrigtingsprogramme:

Elke MGA-speler ondergaan 'n evaluasie ten einde hulle vaardigheidsvlak en daarmee saam 'n gepaste afrigtings- en oefenprogram te identifiseer.

Die afrigtingsprogram akkommodeer laerskoolleerders met verskillende speelvaardighede en maak 'n onderskeid tussen drie subgroepe:

1. **Beginners:** leerders met beperkte gholfkennis en wat graag wil begin gholf speel;
2. **Intermediêre spelers** ("handicappers"): sosiale tot toernooivlak gholfspelers wat verder wil ontwikkel;
3. **Toernooispelers:** dié groep is ontwerp vir die speler wat huidiglik klaar toernooie speel, maar sy of haar spel tot hulle volle potensiaal wil ontwikkel.

Die afrigtingsprogram sal ook 'n 9-putjie begeleide baanspelafrigting insluit, 1 keer per maand.

Akademiese program:

Die oogmerk is om 'n akademiese program vir graad 8 (2016) en graad 8 en 9 (2017) daar te stel.

Hoofafdelings:

*Reëls, etiek en gedrag op en af van die gholfbaan.
*Geskiedenis van gholf.
*Sportwetenskap en die invloed op gholf.
*Basiese sportsielkunde (toegepas op gholf).
*Gholftoerusting en gholftoerustingtegnologie.
*Basiese balvlug dinamika.

Bekendstelling: Afrigter

Ons PGA-gholfafrigter is Nico van Eeden. Sy kwalifikasies sluit onder ander in:

- Ten volle gekwalifiseerde PGA-afrigter;
- "Level 1 K-vest" gesertifiseerde afrigter; en
- "Level 2 K-vest" gesertifiseerde afrigter (een van slegs twee internasionaal gebaseerde afrigters).

Nico van Eeden behaal die volgende hoogtepunte tydens 2015 as afrigter:

- Vergesel die *Special Olympic* gholfspan na die 2015 *Special Olympic* Wêreldspele, waar die deelnemers 7 medaljes verower het.
- Heidi vd Berg verower 'n bronsmedalje by die 2015 Wêreld Weermag Kampioenskappe.
- Adelle Beytell, Danielle du Toit en Heidi vd Berg word gekies vir die Gauteng Noord vroue gholfspan.
- Danielle du Toit eindig in die eerste plek by die 2015-Ackerman Kampioenskap.
- Danielle du Toit tree as wenner uit die stryd tydens die 2015-Interprovinsiale Kampioenskappe.
- Danielle du Toit se oorwinning by die 2015-Suid-Afrikaanse 0/16-Kampioenskappe.

Kostestrukture:

Menlo Gholf Akademie: Spelerpakette 2016

Spelerpakette	Individueel/ Groep	PCC Baanrondtes	Onafhanklike oefen	Afrigting		Maandpakket		Kwartaalpakket		Jaarpakket	
						Tarief	Maandfooi	Tarief	Kwartaalfooi	Tarief	Jaarfooi
		Aantal per maand	*Aantal ure per week*	*Aantal ure per week*	*Tydsduur: minute per sessie*	*Per sessie*	*4 weke*	*Per sessie*	*10 weke*	*Per sessie*	*42 weke*
Pakket 1 (M/K/J)	*Indiv*	*1*	*30 minute (2 keer per maand)*	*30 minute (2 keer per maand)*	*30*	R 250	R 500	R 240	R 2 400	R 225	R 9 450
Pakket 2 (M/K/J)	*Indiv*	*1*	*30 minute*	*30 minute*	*30*	R 200	R 800	R 190	R 1 900	R 180	R 7 560
Pakket 3 (M/K/J)	*Groep (maks. 3)*	*1*	*1*	*1*	*60*	R 220	R 880	R 210	R 2 100	R 200	R 8 400
Pakket 4 (M/K/J)	*Indiv*	*1*	*1*	*1*	*60*	R 350	R 1 400	R 335	R 3 350	R 315	R 13 230
Pakket 5 (M/K/J)	*Indiv*	*1*	*2*	*2*	*60*	R 300	R 4 800	R 285	R 5 700	R 270	R 22 680

KONTAKPERSOON BY DIE HOËRSKOOL MENLOPARK:

Chris van Blerk: chris.vanblerk@menlopark.co.za
gholf@menlopark.co.za
Nico van Eeden: nico.vaneeden@menlopark.co.za

MENLO Gholf

www.menlopark.co.za

REGISTRASIEVORM

Naam:		Van:	

Behoort jy aan ‘n privaat gholfklub? Indien wel, meld die naam.	

Lidmaatskapnommer:		Gholfvoorgee (*handicap*):	

Seun:		Dogter:	

(Dui aan met X)

Geboortedatum:		ID-nommer:	

Sel (MGA-speler):		Sel (Ouer):	

Landlyn:		Faks:	

E-posadres 1:	
E-posadres 2:	

Woonadres:	Straatnaam:		Straat-nommer:	

Voorstad:		Dorp/Stad:		Poskode:	

Naam van skool:		Graad:	